


KORONAVIRUS

Kom ons **STOP** die verspreiding

Hoekom moet ons 'n afstand van mekaar behou?

- Wanneer 'n persoon met koronavirus hoës of nies, laat hulle die virus op oppervlakke en in die lug.
- Jy kan koronavirus kry as:
 - Jy aan hierdie oppervlakke raak en dan aan jou gesig, oë, neus of mond raak, of
 - Jy noue kontak (1,5 meter) het met 'n persoon wat koronavirus het.




Behou 'n afstand tussen jouself en ander mense om die kans te verminder dat die koronavirus versprei.

- Dit sal help om diegene te beskerm wat vatbaar is vir ernstige COVID-19 soos mense wat ouer as 60 jaar is of mense met MIV, TB, diabetes, hoë bloeddruk, kanker, of hart- of longprobleme.
- Dit sal ook beteken daar is minder stremming op ons gesondheidsorgstelsel sodat diegene wat gesondheidsorg benodig, dit steeds kan kry.

Hoe bly ons weg van mekaar?

Bly by die huis.




Doen slegs inkopies as jy kos of medikasie moet koop.



Vermý publieke plekke en publieke vervoer indien moontlik.

Bly minstens 1,5 meter weg van ander mense.



Moenie met enigiemand buiten dié in jou huis hande skud en hulle omhels of soen nie.



Kanselleer jou sosiale planne: geen partytjies, sportgeleenthede, vergaderings of godsdiensaktiwiteite in groepe nie.

Wys jy gee om vir jou gemeenskap terwyl jy jou afstand behou.

Blitslyne:

0800 029 999 of 021 928 4102 of 0800 111 132

Vir meer inligting:

www.westerncape.gov.za/coronavirus



**Wes-Kaapse
Regering**
Gesondheid



UNIVERSITY OF CAPE TOWN
IYUNIVESITHI YASEKAPA • UNIVERSITEIT VAN KAAPSTAD